HUUROOREENKOMS

Aangegaan deur en tussen

LANGEBERG MUNISIPALITEIT hierin verteenwoordig deur **ALBERTUS SA DE KLERK**
in sy hoedanigheid as Munisipale Bestuurder
(Hierna genoem die "**Verhuurder**")

en

MONTAGU WYNKELDER hierin verteenwoordig deur **HERMIAS CORNELIUS VOLLGRAAFF**
(ID 860418 5065 084) in sy hoedanigheid as Bestuurder
(Hierna genoem die "**Huurder**")

Nou derhalwe kom die partye as volg ooreen:

1.

Die Verhuurder verhuur aan die Huurder hiermee `n gedeelte munisipale veldgrond vanaf die Golfbaan na Elkana Hoenderboerdery, Montagu waar die bogrondse pyplyn installeer is. Die grond word vir `n 1 jaar periode verhuur en die huurtydperk sal strek vanaf 01 April 2021 en eindig nie later as 31 Maart 2022 nie.

2.

Die Huurder betaal 'n huur van R308.00 (BTW ingesluit) per maand. Die huurtarief sal jaarliks eskaleer met `n persentasie wat bepaal word deur die VPI.

3.

Die Huurder is verantwoordelik vir die betaling van alle dienste, indien enige, aan die perseel gelewer.

4.

Die Huurder sal toesien dat die gedeelte gronde te alle tye skoon, higiënies en vry is van enige rommel. Die onderhoud van die gedeelte grond sal vir die rekeninig van die Huurder wees.

5.

Die Huurder sal toesien dat die gronde aan die einde van die huurtermyn in sy oorspronklike toestand aan die Verhuurder oorhandig word.

6.

Die Huurder mag geen veranderings, verbeterings of nuwe strukture aanbring op die eiendom sonder die nodige goedkeuring van die Verhuurder nie. Geen strukture mag op die gedeelte grond opgerig word nie.

7.

Hierdie hernuwing nie `n aanvaarbare verwagting moet skep vir aaneenlopende/ automatiese hernuwing. Die Huurder mag aansoek doen vir `n verdere hernuwing aan die einde van hierdie huurooreenkoms vir oorweging.

8 .

Geen eise vir veranderinge aangebring sal oorweeg word nie. By verstryking van die huurooreenkomssal enige veranderinge aangebring en deur die Verhuurder goedgekeur die eiendom van die Verhuurder word sonder die reg van enige kompensasie aan die Huurder.

HCF

9.

In die geval dat die ooreenkoms deur die Verhuurder opgesê word sal die Huurder geen reg op enige vergoeding teen die Verhuurder hê nie.

10.

Die Huurder mag die huur nie sedeer of enige gedeelte onderverhuur nie.

11.

Die Huurder vrywaar die Verhuurder teen enige eise wat mag voortspruit uit enige aksies, vervolgings, geregtelike aksies, aansprake, invorderings, kostes, skadevergoeding of enige ander aksie van watter aard ookal wat mag ontstaan uit die verhuring van die eiendom aan Montagu Wynkelder asook enige transaksie, aksie, versuim of nalatigheid deur die Huurder, sy werkers of enige persoon onder sy beheer/ toesig. Hierdie vrywaring sal van krag wees vir alle derde partye en/of eiendom.

12.

Die huurooreenkoms sal te alle tye onderhewig wees aan alle serwitute en voorwaardes, bepalings van wetgewing, ordonnansies en veranderinge wat mag bestaan of in die toekoms mag bestaan en wat van toepassing mag wees op die eiendom en deur 'n bevoegde owerheid opgelê mag word.

13.

Hierdie ooreenkoms kan ter enige tyd gedurende die huurtermyn met twee (2) maande skriftelike kebnnisgewing deur die Verhuurder (Langeberg Munisipaliteit) beëindig word en sal die Verhuurder in die geval van beindiging van die huurooreenkoms nie verplig wees om enige alternatiewe grond aan die Huurder te verskaf nie.

14.

Indien dit sou nodig wees om munisipale dienste op te gradeer, te herstel en te installeer op die gedeelte, Langeberg Munisipaliteit die reg daartoe het, sonder dat Langeberg Munisipaliteit verantwoordelik gehou sal word vir enige skade.

15.

Die partye kies as hul domicilium citandi et executandi die volgende:

Verhuurder: Hoofweg 28
ASHTON
6715

Huurder: Posbus 29
MONTAGU
6720

Aldus gedoen en geteken te Montagu op hierdie 14 dag van Julie 2021

Getuies:

1. _____

2. _____

_____
HUURDER

Aldus gedoen en geteken te ASHTON op hierdie 22 dag van JULIE 2021

Getuies:

1. _____

2. _____

_____
VERHUURDER